



HULDEBLYK:

DR DRIEKIE JANKOWITZ (Née Krige)

ERINA JUNIUS

Hierdie kort huldeblyk aan die werk en lewe van dr. Driekie Jankowitz word geskryf ter nagedagtenis aan 'n geliefde persoon wat sinoniem is met die ontwikkeling van goeie kerkmusiek in Namibië. Sy het haar lewensroeping tot die bevordering van kerkmusiek en die opleiding van praktiserende kerkmusici uitgeleef in die vele fasette van haar beroepslewe. 'n Kort oorsig daarvan word verskaf – nie om die mens te loof nie (“*niks is van my, dis alles u genade*” – D.J.) – maar om te verseker dat haar bydrae tot kerkmusiek in Namibië geboekstaaf word.

Driekie is gebore in Cradock in die Oos-Kaap, as tweede kind van 'n musikale gesin. Haar vader, Ernest Krige, was musiekonderwyser en orrelis en het by haar 'n liefde gekweek vir die kerkorrel en kerkmusiek. Sy het haar BMus-studies aan die Universiteit van Stellenbosch voortgesit, met Chris Swanepoel as haar eerste orreldosent, wat haar liefde vir kwaliteit orrelmusiek verder gestimuleer het. Haar belangrikste mentor ten opsigte van kerkmusiek was egter haar “musiekpa”, Pieter van der Westhuizen, wat vir baie jare 'n rigtinggewende en liefdevolle inspirasie gebly het.

Driekie is in 1974 aangestel as orreldosent aan die nuutgestigte Staatskonservatorium vir Musiek in Windhoek (wat later as die College of the Arts bekend sou staan) en was daar in diens tot 1977, en weer vanaf 1986 tot 2004. Sy kon 35 jaar lank dien as kerkmusikus en begeesterde orrelis by die NG-gemeentes Windhoek Hoogland, Suiderhof en Pionierspark. Sy was ook SAKOV se streeksvertegenwoordiger vir Namibië vanaf 1991 tot 2002. In hierdie twee poste kon sy menige inisiatiewe uitleef. Sy het verduidelik dat “dit die behoeftes [was] van die situasies waarin 'n mens jou bevind het, wat aanleiding gegee het tot nuwe uitdagings en inisiatiewe”.

Om haar taak as orreldosent te kon uitvoer en om orreliste te kon oplei as doeltreffende liturgiese rolspelers in die erediens het sy 'n effektiewe sillabus vir kerkorrel ontwikkel. Hierin is aspekte van koraalspel en gemeentebegeleiding, geskikte orrelrepertorium vir liturgiese gebruik en vaardighede en ingestelheid wat die gemeente-orrelis benodig, gegradeer en sistematies aangebied.

Om praktiserende orreliste te ontwikkel en positief te beïnvloed, het sy kerkmusiek-werkswinkels ontwikkel en aangebied tydens die 1970's en later weer tydens die 1980's. Met die stigting van SAKOV is 'n platform geskep waar 'n jaarlikse Orrel- en Koorakademie aangebied is. Benewens vakrigtings soos orreltegniek, bladleesvaardigheid, gehoorontwikkeling en literatuurstudie, is ook koorleiding sterk ontwikkel vanaf beginnersvlak tot graad 7. Groot getalle Namibiërs uit alle uithoeke van die land het tydens hierdie weeklange akademie onderrig

en sertifisering ontvang.

Nadat Namibië in 1990 onafhanklikheid ontvang het en individuele musiekonderrig kort daarna by skole afgeskaf is, het die musiekgeletterdheid van die algemene publiek egter geweldig afgeneem en die belangrike voedingsbron van orreliste opgedroog. Sy het toe met beginnersgroepklasse op klawerbord begin werk om geleenthede te skep vir potensieële orreliste. Toporreliste uit verskeie kultuurgroepe het hieruit ontwikkel. Selfs beginnerstudente wat geïnspireer is deur die Orrelakademies van die verlede, het hierby ingeskakel en hulself verder ontwikkel.

Driekie het haar passie as kerkmusikus uitgeleef deur lidmate en predikante te inspireer om die amptelike kerklied te waardeer en voluit te benut. Hiervoor het sy drie ongepubliseerde naslaan-artikels vir predikante uitgewerk om die funksionele gebruik van liturgiese liedere in die erediens te bevorder. Sy het getrou statistieke gehou van die gebruik van kerkliedere vir die bevordering van die aanleer van nuwe liedere, en om vas te stel watter liedere wel inslag gevind het. In hierdie verband het sy 'n referaat op 27 Mei 2005 by die Teologieskool te Potchefstroom gelewer oor die onderwerp “Liturgiese verrykings moontlik gemaak deur die Psalmboek 2003”. Verder het sy 'n reeks van ses aflewings vir die gemeenteblyd van Pioniersparkgemeente geskryf om die gemeente te lei tot begrip vir die waarde en funksies van liturgiese sang.

Om die algemene publiek sensitief te maak en by hulle waardering te kweek vir orrelmusiek en kwaliteit kerkmusiek, het sy heelwat orrel- en kerkmusiekuitvoerings georganiseer. So het sy gereeld besoeke deur oorsese en Suid-Afrikaanse orreliste gereël vir die aanbied van meesterklasse aan haar orrelstudente en orreluitvoerings vir die publiek. Groot orrelgeeste wat Windhoek vir hierdie doel besoek het, was o.a. Zygmunt Strzep, Lucius Weathersby en Hope Davis, asook Wim Viljoen, Daleen Kruger, Eddie Davey, Leonore Kloppers, Gerrit Olivier, Henk Temmingh, Gerrit Jordaan en Albert Troskie.

Bo en behalwe haar taak as orreldosent en kerkmusiekpraktiseerder, was sy nou betrokke by ekumeniese uitreiking. Sy was onder andere gemoeid met die opleiding van kerkmusici vir verskillende denominasies wat van klawerbordbegeleiding gebruik maak vir hul tradisionele kerkliedere. 'n Sillabus vir hierdie doel is opgestel. Sy het ekumeniese koorfeeste gereël en was hoofsaaksteller en eindredakteur van die Liedboek vir die Council of Churches Namibia in ses tale, wat in 2004 voltooi is.

Publikasies wat die lig gesien het, en wat in SAKOV se tydskrif *Vir die Musiekleier* verskyn het, het gehandel oor die Geneefse Psalms, betroubare pedaaltegniek (twee aflewings), statistieke van kerkliedere, lofprysing en “Die Musiekleier as bedienaar van verskillende spiritualiteitstipes in 'n eietydse gereformeerde erediens” (*Musiekleier* 33, Desember 2006).

Ds. Johannes Bingle het sy motivering vir haar erelidmaatskap van SAKOV so opgesom: “By haar menswees (as musikoloog en musikus by uitnemendheid) het die land groot baat gevind. Sy het luisterryk in baie mense se lewens geïnvesteer.” Erelidmaatskap van SAKOV is op 16 Julie 2006 in Windhoek aan haar toegeken.

Daarna het sy haar tot met haar afsterwe toegespits op die gebruik van die Psalms in die NG Kerk en het met haar werk op hierdie terrein in Mei 2009 'n doktorsgraad aan die Noordwes-Universiteit behaal met 'n doktorsale proefskrif getiteld *Liturgiese Psalmsang in die N.G. Kerk*, onder leiding van prof. Daleen Kruger. In hierdie periode het sy ook begin eksperimenteer met die sogenaamde “kort Psalm” – waar sy die kerntekste van 'n Psalm gebruik het met 'n herhalende refrein. As deel van haar betrokkenheid by die VONKK werkgroep het sy die tekste van ongeveer 13 gepubliseerde VONKK liedere geskryf, wat getoonset is deur verskeie medewerkers, waaronder vyf deur Jacus Krige.

As afsluiting, 'n aanhaling uit Driekie se CV wat sy geskryf het vir die toekenning van haar SAKOV erelidmaatskap:

Uiteindelik was lof aan God die hoof dryfveer,

die gereformeerde kerklied die voertuig,

Die pyporrel die instrument en

my kerk die moeder wat my kon lei en inspireer:

God is my lied – sy lof my lewe

SLOTNOTA

Te midde van haar navorsing vir haar doktorsale proefskrif, het sy ook die boek *Kanker – Genadesiekte* geskryf, wat in 2008 deur die Kankervereniging Namibië, in Windhoek, uitgegee is. Dit is sedertdien ook in Engels vertaal.